# Die Drie Boeke van Openbaring (6)
## Hoe Leef Ek My Boek Uit?

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

**NOTA: Ten einde die reeks te volg, word u aangeraai om die studie vanaf Deel 1 en die daaropvolgende lesings te bestudeer.**

-o0o-

Ek wil so 'n bietjie meer met julle praat oor die boeke wat ek behandel het in die boeke van Openbaring. Dit handel basies oor hoe ek hierdie boek moet uitleef.

- Dit gaan oor wat my voordeel is om hierdie boek te kan uitleef en
- die verantwoordelikheid wat ek het om hierdie boek te kan uitleef.

**Hebrews 13:20 Now may the God of peace** [*Who is the Author and the Giver of peace*], **Who brought again from among the dead our Lord Jesus, that great Shepherd of the sheep, by the blood** [*that sealed, ratified*] **the everlasting agreement** (covenant, testament)**,** *[Isa_55:3; Isa_63:11; Eze_37:26; Zec_9:11]*

**Hebrews 13:21 Strengthen** (complete, perfect) ***and*** **make you what you ought to be *and* equip you with everything good that you may carry out His will;** [*while He Himself*] **works in you *and* accomplishes that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ** (the Messiah); **to Whom be the glory forever and ever (to the ages of the ages). Amen (so be it).** (AMPC Bible)

Heb 13:20 Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het,

Heb 13:21 julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom tot in alle ewigheid! Amen.

**Psalm 139:15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.**

**Psalm 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.**

**'n Psalm van Asaf.**

**Psalm 50:1 Die God van die gode, die HERE, spreek en roep die aarde, van die opgang van die son af tot sy ondergang toe.**

**Ps 50:2 Uit Sion, die volkomenheid van skoonheid, verskyn God in ligglans.**

**Ps 50:3 Onse God kom en kan nie swyg nie. Vuur verteer voor sy aangesig, en rondom Hom storm dit geweldig.**

**Ps 50:4 Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel:**

**Ps 50:5 Versamel my gunsgenote vir My, hulle wat my verbond by die offer sluit!**

**Ps 50:6 En—die hemele verkondig sy geregtigheid, want God staan gereed om te oordeel! Sela.**

-o0o-

**Ps 50:7 Hoor, my volk, dat Ek kan spreek; Israel, dat Ek jou dit kan inskerp: Ek is God, jou God!**

**Ps 50:8 Oor jou offers bestraf Ek jou nie, en jou brandoffers is altyddeur voor My.**

**Ps 50:9 Ek hoef uit jou huis geen stier te neem of bokke uit jou krale nie;**

**Ps 50:10 want al die wilde diere van die bos is myne, die vee op berge by duisende.**

**Ps 50:11 Ek ken al die voëls van die berge, en wat roer op die veld, is van My.**

**Ps 50:12 As Ek honger het, sal Ek jou dit nie sê nie; want die wêreld is myne en sy volheid.**

**Ps 50:13 Sou Ek vleis van stiere eet of bloed van bokke drink?**

**Ps 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;**

**Ps 50:15 en roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer.**

**Ps 50:16 Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond—**

**Ps 50:17 terwyl jy die tug haat en my woorde agter jou werp?**

**Ps 50:18 As jy 'n dief sien, dan geval dit jou by hom, en jou deel is met die egbrekers.**

**Ps 50:19 Jou mond laat jy los in boosheid, en jou tong vleg bedrog.**

**Ps 50:20 Jy sit en praat teen jou broer, die seun van jou moeder beskimp jy.**

**Ps 50:21 Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel.**

**Ps 50:22 Verstaan dit tog, o Godvergeters, sodat Ek nie verskeur sonder dat iemand red nie.**

**Ps 50:23 Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet.**

-o0o-

## 1. JOU ROEPING EN JOU BOEK

Eerstens wil ek julle terugneem na die oorspronklike boek toe. Onthou, daar is eintlik twee boeke waarin ek en jy as mens direk betrokke is hier op aarde. Dit is wat in Hebreërs 13:20-21 geskryf is.

- Die roeping wat God op jou lewe het - waarom jy mens is.
- Daardie verbond wat Hy geskryf het betreffende jou naam en roeping..
- Die boek wat jy tot vervulling moet bring.
  - Daardie boek wat God geskryf het oor jou lewe is in die hemel.
  - Jy is aarde toe gestuur en nou moet jy self die boek, wat God oor jou lewe gespreek het, vervul.

**Hebrews 13:20 Now may the God of peace** [*Who is the Author and the Giver of peace*], **Who brought again from among the dead our Lord Jesus, that great Shepherd of the sheep, by the blood** [*that sealed, ratified*] **the everlasting agreement** (covenant, testament), *[Isa_55:3; Isa_63:11; Eze_37:26; Zec_9:11]*

**Hebrews 13:21 Strengthen** (complete, perfect) ***and* make you what you ought to be *and* equip you with everything good that you may carry out His will;** [*while He Himself*] **works in you *and* accomplishes that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ** (the Messiah); **to Whom be the glory forever and ever (to the ages of the ages). Amen (so be it).** (AMPC Bible)

## 2. VERHOUDING MET HEILIGE GEES

Dit is waarom Jesus vir hulle gesê het dat dit voordelig vir hulle sou wees dat Hy weggaan.

Johannes 16:7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;

-o0o-

Johannes 16:13 Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.

Hy het gesê dat Hy die Vader sou vra om die Heilige Gees, die Gees van Waarheid, die Trooster te stuur, wat vir hulle sou leer. Toe daardie boek oorspronklik oor my en jou lewe geskryf is, was dit net die Vader, Woord en Gees.

- Here Jesus het Sy Vader gevra om vir ons die Trooster, die Gees van Waarheid te stuur, wat vir ons sal leer.

Johannes 14:16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid:

Johannes 14:26 maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het**.**

Ons kan nie daardie boek tot vervulling bring, as ons nie 'n verhouding met die Heilige Gees het nie. Die eerste stap is dat ons 'n ordentlike, volwasse verhouding met die Heilige Gees moet hê. Ons moet Sy stem hoor, sodat Hy elke dag vir ons die riglyne kan gee vir daardie dag. Hy sal nie vir jou 'n maand se riglyne vooruit gee nie.

- Hy gee net vir jou, jou daaglikse brood, stappie vir stappie.

Op 'n stadium kyk 'n mens terug na jou lewe, soos wat met ons gebeur aan die einde van 'n projek. Die Here het, na sewe jaar eers, aan my geopenbaar waarmee ek eintlik besig was vir daardie sewe jare. Ek het nooit die berg met reuse tree geklim nie. Ek het dit net een stappie vir stappie geklim.

- Ons kan niks sonder die Heilige Gees doen nie, want ons weet nie wat nie.
- God het alles in ons hande geplaas om daardie roeping te vervul.

## 3. WEES VERANTWOORDELIK OOR JOU GEESTELIKE GRONDGEBIED

Pasop mense, dat julle nie beroof word van dit wat God in julle hande geplaas het nie. Ons daaglikse brood sluit in alles wat ons nodig het, om daardie roeping elke dag in ons lewens te vervul. Ons kan nie môre se manna vandag gaan haal nie.

- Elke dag se brood moet jy vandag gaan haal.
- Jou grondgebied moet skoon gehou word.
- Sorg dat jou grondgebied altyd in jou hande bly.
- Jy moet nie grondgebied verloor nie, want dan het satan die reg daarop en
  - dan kan hy sy onkruid in daardie grondgebied gaan saai.

Daardie grondgebied (in satan se beheer), kan vir jou meer probleme oplewer, as in jou eie hande, want God het jou daar geplaas (gestel). 'n Mens moet baie versigtig wees.

Moet nie aan mense gee wat hulle nie kan hanteer nie. Baie keer dink ons dat ons 'n persoon moet help. Ons gee vir hom dit of dat, of 'n verblyfplek. Ons help hom met dit of dat en dan raak daardie persoon ons vyand aan die einde van die dag. Leer mense eerder reg. Leer mense hoe om hulle grondgebied te bewaar en te bewerk. Hulle sal dan self hulle oeste afhaal. Leer mense om 'n vis te vang, in plaas daarvan dat jy elke dag vir 'n man 'n vis gee.

- Indien jy 'n grondgebied verloor het, het jy die volste reg om
  - eerstens, vergifnis te gaan vra by die Vader en
  - tweedens, daardie grondgebied terug te gaan kry, in die naam van die Here.

-o0o-

Dit moet terug gegee word, want dit was nog nooit daardie persoon, of die duiwel, of die vlees, of enige iemand anders s'n nie. Dit was nog altyd joune gewees.

- Ontvang dit terug en vra vir Vader om jou te help om dit te bewerk.

## 4. LEWE VOLGENS GOD SE RAADSPLAN

Johannes 14:13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word.
Johannes 14:14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

Baie mense gebruik 'n sekere skrifgedeelte, veral as hulle in die moeilikheid kom. Hulle haal dan die skrifgedeelte aan waar dit sê dat alles wat in Sy naam van die Vader gevra word, die Vader sal gee. As hulle niks ontvang nie, kritiseer hulle die Woord en dan sê hulle dit is nie waar nie. Die probleem lê nie by die Woord nie. Die probleem lê by my en jou as mens.

- As jy nie in die raadsplan van God lewe nie, het jy geen reg om iets,
  - wat aan jou toevertrou is voor die grondlegging van die wêreld,
  - te ontvang nie

Jy moet in die raadsplan van God lewe. Jy moet volgens daardie boek, wat God oor jou lewe geskryf het, lewe. Heb 13 en Psalm 139

Hebrews 13:20 Now may the God of peace [*Who is the Author and the Giver of peace*], Who brought again from among the dead our Lord Jesus, that great Shepherd of the sheep, by the blood [*that sealed, ratified*] the everlasting agreement (covenant, testament), *[Isa 55:3; Isa 63:11; Eze 37:26; Zec 9:11]*

Hebrews 13:21 Strengthen (complete, perfect) *and* make you what you ought to be *and* equip you with everything good that you may carry out His will; [*while He Himself*] works in you *and* accomplishes that which is pleasing in His sight, through Jesus Christ (the Messiah); to Whom be the glory forever and ever (to the ages of the ages). Amen (so be it). (AMPC Bible)

Psalm 139:15 My gebeente was vir U nie verborge toe ek in die geheim gemaak is nie, kunstig geweef in die dieptes van die aarde.

Psalm 139:16 U oë het my ongevormde klomp gesien; en in u boek is hulle almal opgeskrywe: dae dat alles bepaal was, toe nog geeneen van hulle daar was nie.

- In die eerste plek, as jy besig is om daardie boek uit te lewe,
  - het jy die reg om dit, wat God wil hê jy moet doen, op te eis en te doen.
- In die tweede plek, as jy nie 'n volwasse verhouding met die Woord het nie,
  - het jy nie die reg om die naam van Jesus te gebruik nie,.

Hy sê alles ***wat julle ook al in my Naam mag vra***. (Joh 14:13) So, dit is goed wat daar is, maar jy kan nie iets vra wat nie vir jou beskore is nie.

- Jy kan nie iets, wat nie oorspronklik aan jou toevertrou is, opeis of vra of verlang van die Vader nie.

Daar is verantwoordelikhede van jou kant af. Eers as jy daardie verantwoordelikhede nakom, kan jy die Vader vra. Jy moet jou tiende gee en jou beloftes nakom. Dit is nie 'n keuse nie. Dit is 'n opdrag. Gaan lees Psalm 50 baie mooi en bestudeer dit sorgvuldig.

- Al gaan dit hoe swaar met jou, moet jy nog steeds jou gedeelte gee,
  - want dit is juis wat die vloek breek.

-o0o-

## 5. VERTROU OP GOD

In 1996 en 1997 is ek en Eleonor deur hierdie dinge, waar die Here my by bankrotskap laat omdraai het. Dit het al 'n paar keer in my lewe gebeur, dat die Here letterlik die laaste paar Rande in my hande sit, maar ek moes op God vertrou. As ek daardie vloek breek, begin die Here om te voorsien.

Dit hang alles van my af, of ek God vertrou of nie. Dit hang af of ek in droogtes vaskyk, of die Here vertrou om my deur die saak te dra. Dit hang af of die ekonomie, die Rand teenoor die Dollar, die brandstof pryse en al hierdie dinge, vir my 'n groter faktor is as God se wil. Die probleem is dat jy jou oë van hierdie dinge moet afhaal.

- Jy kan alleenlik staatmaak, vra en neem van die dinge wat in die ark is,
  - terwyl (as) jy in die ark is.
- Jy kan nie buitekant die ark staan en verwag om kos te eet wat binnekant die ark is nie.

## 6. GOD SE WIL

As jy buitekant God se wil is, kan jy nie verwag om deel te hê aan dit wat God vir jou wil gee nie (gegee het nie). Dit is juis dan wanneer jy by ander mense moet gaan bedel of vra. Hulle moet dan vir jou gee wat eintlik hulle s'n is. Dit is nie reg nie. God hou nie van bedelaars nie. Hy hou daarvan dat elke persoon sy eie manna moet optel.

Hierdie onderwerp gee ek uit om vir jou te help om terug te kom, as jy in jou hart voel dat jy werk moet maak van hierdie saak Onthou, hierdie boeke wat geopen gaan word, het niks met jou redding te doen nie (bepaal nie). Dit het met jou ewigheidsloon te doen (bepaal).

## 7. WEES VERSIGTIG

Eendag het ek gesit en geworstel oor die talente en toe vra ek daaroor vir die Here.

**Matthéüs 25:15 En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë; en hy het dadelik op reis gegaan.**

Een het vyf talente gekry, een het twee talente gekry en een het een talent gekry.

**Matt. 25: 16 En die een wat die vyf talente ontvang het, het daarmee gaan werk en vyf ander talente gewin.**
**Matt. 25: 17 Net so het die een wat die twee ontvang het, self ook twee ander verdien.**
**Matt. 25: 18 Maar hy wat die een ontvang het, het in die grond gaan grawe en die geld van sy heer weggesteek.**

Die een wat vyf talente ontvang het, het vyf ander talente daarby gewin en toe tien gehad.
Die een wat twee talente ontvang het, het ook twee ander verdien en toe het hy vier.
Die een wat een talent ontvang het, het dit gaan begrawe.

**Matt. 25: 19 En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken.**
**Matt. 25: 20 En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander talente daarby verdien.**
**Matt. 25: 21 En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.**
**Matt. 25: 22 En die een wat die twee talente ontvang het, kom ook en sê: Meneer, twee talente het u aan my toevertrou; hier het ek twee ander talente daarby verdien.**
**Matt. 25: 23 Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer.**

-o0o-

Die een wat vyf gekry het, het tien vir die eienaar gebring. Die eienaar het hom geprys en laat gaan in die vreugde van sy heer.
Die een wat die twee talente ontvang het, het met vier na die eienaar toe gekom. Die eienaar het hom ook geprys en in die vreugde van sy heer laat gaan.

**Matt. 25: 24 En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie;**
**Matt. 25: 25 omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort.**
**Matt. 25: 26 Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie.**
**Matt. 25: 27 Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.**

Vir die een wat een talent ontvang het en dit begrawe het, het die eienaar gesê dat hy 'n lui en slegte dienskneg is. As hy dit maar liewer by die geldwisselaars gestort het. Die eienaar het dit reeds behaal. As hy dit maar by iemand belê het wat sou gewoeker het met dit.

**Matt. 25: 28 Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het;**
**Matt. 25: 29 want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het.**
**Matt. 25: 30 En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.**

Die eienaar vat die talent van hom weg en gee dit vir die een wat tien het.

Ek sê vir die Here dat dit vir my 'n bietjie onregverdig is. Ek sou dit graag wou gegee het vir die een wat nou vier het, sodat hy darem vyf kon hê. Die Here sê toe vir my dat die een wat vier het, nog nie volwassenheid bereik het nie.

- Daardie ekstra een kon gemaak het dat hy tot 'n val kom.

Dit het my laat besef dat die een wat vyf talente ontvang het en toe tien gehad het, volwassenheid bereik het. Hy het die hoogste sport bereik, so hy kon hierdie een ook kry. Die een ekstra talent sou niks aan hom gedoen het nie. Vir die een wat vier gehad het en nog in die groei proses was, sou daardie een ekstra talent hom miskien tot 'n val gebring het. Dit is waarom hy dit nie gekry het nie. Dit het my geleer.

- Pas maar op vir wie julle help.

Baie keer help ons mense wat in 'n transformasie proses is en vir wie God iets wil leer! Ek self het daardie stel afgetrap. God het ons aandele laat val, op een dag, met R120 000. Toe ek vir die Here vra wat die probleem is, toe sê die Here vir my dat ek dink, ek is beter as Hy.

- Die Here het vir my gesê dat ek mense, vir wie Hy besig is om te leer, uit hul probleme help.

Dit was so gewees. Ek moes bely.

Ek het nooit my geld teruggekry nie en ek moes op die harde manier leer. Pasop waar jy saai. Saai maar op die regte plek. Saai in die huis van die Woord. Help maar waar gehelp moet word, maar pasop waar jy dit doen!

## 8. WAAK OOR JOU EERSGEBOORTEREG

**Génesis 25: 31 En Jakob antwoord: Verkoop eers jou eersgeboortereg aan my.**
**Génesis 25: 34 En Jakob het aan Esau brood en die kooksel lensies gegee; en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het Esau dan sy eersgeboortereg verag**

-o0o-

- Pasop dat jy nie jou erfporsie, jou eersgeboortereg, verloor soos Esau nie.
- Pasop dat die duiwel dit nie steel nie.

Ek seën julle met hierdie gedagte. Dit is 'n baie belangrike onderwerp wat ek vir julle gegee het. Die duiwel kry dit reg om hierdie kant mense te beroof. Hulle sal anderkant geen oes hê nie, net omdat hulle dink hulle saai reg, maar hulle saai nie reg nie.

Die Here is met julle. Laat dit met julle goed gaan. Mooi dag verder.

-o0o-